Nico van Gijsen: Pasop, ’n aftree-bom kom met die tweepot-stelsel

netwerk24.com/sake/nico-van-gijsen/nico-van-gijsen-pasop-n-aftree-bom-kom-met-die-tweepot-stelsel-20260403-0821

Nico van Gijsen April 3, 2026



Die tweepotstelsel is ’n aftree-nagmerrie wat opbou en wat Suid-Afrika nie kan bekostig nie, skryf Nico van Gijsen.

As ons ANC-beheerde regering die vermoë het om ’n dag, laat staan nog ’n jaar of langer, vooruit te dink, wys hy dit nie.

Byvoorbeeld, pleks daarvan om dit vir mense moeiliker te maak om skuld te maak, maak die regering dit vir hulle makliker om hul aftree-spaargeld te onttrek. Die belangrikste spaargeld van alles.

Dit is aan die gebeur met die sogenaamde tweepotstruktuur van spaar vir aftrede. Dit is ’n aftree-nagmerrie wat opbou, en wat ons land nie kan bekostig nie.

Ek wys vandag op die langtermyn- finansiële gevolge vir diegene wat swig voor die versoeking om daardie een derde van hul aftreegeld voortydig te onttrek.

Kort agtergrond

Sedert 1 September 2024 word aftreefondsvoordele (jou pensioenfonds) in twee komponente gedeel: Een derde van jou aftreegeld word gehou in die sogenaamde spaarkomponent (spaarpot) en twee derdes in die aftreekomponent (aftreepot).

Die aftreepot moet bewaar bly tot by aftrede, waarmee jy dan ’n pensioen moet aankoop. (Die jongste nuus is dat die regering ook daaraan wil krap, maar ons sal seker mettertyd sekerheid daaroor kry.)

Uit die spaarpot kan jy een keer in ’n belastingjaar tot ’n derde van jou totale aftreefondsvoordeel (met ’n minimum van R2 000 per belastingjaar) onttrek.

Die doel van hierdie skewe plan sou wees om mense wat finansieel noustrop trek, toegang tot kontant te gee.

Dit help nie die werklik armes nie. Dit help mense wat reeds onverskillig met hul geld omgaan en veral te veel skuld maak om maar net nog ’n onnosel geldbesluit te neem.

Om lid van ’n aftreefonds te wees waartoe jy bydra, moet jy tog ’n werk hê. Jy verdien dus ’n inkomste. Is die oplossing dan nie maar net beter geldbestuur nie? Maar dit lyk my baie mense dink anders.

Ek was nogal geskok toe ek vroeg vandeesmaand verskeie berigte lees van verskillende aftreefondse wat aangehaal word dat daar fondslede is wat nie langer as selfs ’n sekonde kon wag op die oggend van 1 Maart (die begin van die nuwe belastingjaar) om die geld uit hul spaarpot te onttrek nie.

Hoe slim is dit? Kom ons kyk na die syfers.

Belasting

Wetgewing maak dit aantreklik vir mense om te spaar vir aftrede.

Jou maandelikse bydraes tot ’n aftreefonds kan jy byvoorbeeld aftrek vir belasting (die minste van R350 000 of 27,5% van belasbare inkomste). Dit beteken dat jy minder belasting betaal op jou inkomste. Geld in jou sak.

Dit is belastingvrye geld in ’n neseier, waarin daar ook geen belasting gehef word op die groei in die waarde van jou fonds nie. Geen belasting nie.

By aftrede kry jy die eerste R550 000 van jou toegelate onttrekking van een derde vry van belasting, terwyl die res belas word teen onderskeidelik 18%, 27% en 36%. Met die oorblywende twee derdes moet jy ’n pensioen aankoop.

Onttrek jy egter die een derde (die geld in die spaarpot) voor aftrede, gooi jy hierdie voordele sommer net weg. En jy word gestraf.

Daardie geld wat jy onttrek, word belas teen jou marginale koers. Dit is die hoogste koers vir die volgende rand-inkomste van die belastingskaal wat op jou van toepassing is.

As jou marginale koers byvoorbeeld 40% is, kry jy net 60% van daardie geld wat andersins belastingvry sou kon groei vir jou aftrede.

En weg is die vry van belasting R550 000.

Nie slim nie.

Aftree-voorsiening

Die doel van ’n aftreefonds en ’n uittree-annuïteit is om voorsiening te maak vir jou aftrede. Jy spaar terwyl jy werk, sodat wanneer jy die dag – en jy weet daardie dag gaan kom – aftree en nie ’n inkomste verdien nie, daar vir jou geld is om van te leef.

Kom ons doen ’n som.

Kom ons sê jy is 35 jaar oud, jou pensioenfonds lyk mooi met ’n waarde van R3 miljoen. Sê maar die groei in jou aftreefondsgeld is 10% per jaar (belastingvry, onthou) en jy tree af op 65.

En nou swig jy voor die geldversoeking en onttrek daardie een derde in die spaarpot, R1 miljoen.

Jy doen jouself finansiële skade aan van R17 449,402. Dit is hoeveel jy prysgee aan aftreekapitaal.

Nou, ek weet dat baie mense sal sê, ja, maar ek gaan daardie geld terugsit.

Die een waarheid is dat jy meer sal moet terugsit om by dieselfde bedrag uit te kom by aftrede, want hoe langer jy wag, hoe groter die groei wat jy gemis het, en wat jy moet probeer inhaal.

Die tweede waarheid is dat mense wat hul aftreegeld onttrek om uit die skuld te probeer kom, dit in die meeste gevalle nie gaan terugsit nie. Inteendeel, hulle sal vorentoe weer geld wat in die spaarpot bymekaar gemaak is, onttrek.

Dit is omdat chroniese skuldmakers, soos die spreekwoordelike jakkals, van hare kan verander, maar nie van streke nie. Ek is lank genoeg in die land om dit keer op keer te kon sien. Daar is uitsonderings, maar dit is min.

Hoe nou gemaak?

As jy in geldnood is, moet dit nie vererger deur jou aftreekapitaal te verminder nie.

Stel ’n begroting op en werk streng daarvolgens.

Maak ’n reëling met skuldeisers om jou verpligtinge dalk oor ’n langer tyd na te kom. Gaan sien ’n skuldberader om jou te help as dit nodig is.

Maar moenie karring aan jou aftreegeld nie. Dit gaan jou baie duur te staan kom.

• Nico van Gijsen, ’n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en ’n lid van Fisa en die FPI.

Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com.